’n Interseksionele lesing van Lynthia Julius se bundel *Kinderlê* (2023) - **Louise Viljoen** (Stellenbosch University)

Lynthia Julius se jongste bundel *Kinderlê* begin met ’n gedig wat ’n verwyt én ’n uitdaging rig aan lesers en ’n literêre tradisie wat geneig is om bruin vroue-digters te stereotipeer. Sy skryf in die gedig “1 Gepublisieerdes 13” (’n toespeling op die boodskap van liefde as allersoorheersende waarde in 1 Korinthiërs 13) oor die posisie van die bruin vroue-digter wat ten spyte van al haar pogings om ’n eiesoortige plek in die tradisie in te neem nie daarin slaag nie. Die laaste strofe van die gedig lui: “Al gee ek gestalte aan my Dasein, / maar ek skryf nie soos hulle nie / is ek ’n bruin teef wat blaf” (laasgenoemde resoneer met die beeld van die teef in Ronelda Kamfer se gedig “Slapende honde” uit *Hammie*). Hierdie referaat is ’n poging om te dink oor die manier waarop Julius se werk ’n oproep rig aan lesers om ’n interseksionele eerder as ’n essensialiserende benadering tot haar werk te volg. Vivian May skryf in *Pursuing intersectionality. Unsettling dominant imaginaries* (2015:) oor die gevaar van “single-axis thinking” wat daartoe neig om identiteite te reduseer tot ’n bepaalde essensie deur een aspek (“axis”) daarvan te beklemtoon terwyl ander uitgesluit word. Sy beklemtoon die feit dat interseksionaliteit “’n resistant imaginary” verteenwoordig wat gevestigde maniere van dink uitdaag en “single-axis thinking” bevraagteken (May 2015:34). Hierdie referaat sal nagaan in watter mate Julius se werk (met die fokus op die bundel *Kinderlê*) gelees kan word as so ’n vorm van weerstand teen essensialiserende sienings van identiteit (m.a.w. as ’n “resistant imaginary” oftewel ’n weerstandige poging tot )ouself verbeel) en ook ’n verset teen die onderdrukkende magstrukture waaraan sy as bruin vroue-skrywer uitgelewer is. Daar word gefokus op die manier waarop interseksies van geslag (vroulikheid), ras (wit onderdrukking, vooroordele tussen tussen bruin en swart), klas (verwysings na ’n middelklasbestaan), taal (die rol van Gariepafrikaans en Nama), plek (die lokalisering binne ’n Noord-Kaapse ruimte), historiese herkoms (die geskiedenis van onderdrukking, soos byvoorbeeld opgeroep in “Bruin fuga”), geestesgesondheid (institusionalisering na ’n selfmoordpoging) en geplaastheid binne die institusies en tradisies van die Afrikaanse letterkunde (die bruin vroue-skrywer binne die uitgewerslandskap en Afrikaanse literêre sisteem).